

## Gereformeerde Kerk Bellville – 1 November 2015 – Aand

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 5-1:4, 6

- 4 Middagklare son word duister; / deur die duister noodgeskrei:  
“O my God, my God en Helper, / waarom tog verlaat U My?”  
Jesus sink, ná sware stryd / in dié dubb'le donkerheid.
- 6 Toe die offerwerk verby was, / na Gods hoë ordening,  
het die Heer, sy daad deurgrondend, / uitgeroep: “Dit is volbring!”  
En, die hoof omlaag gebuig, / het Hy sterwend dit betuig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 68:12, 13 (p. 335)

- 12 Loof God in sy gemeente<sup>o</sup>alom, / o volk, uit Jakob voortgekom, / die eerste stammevader.  
Hoe vrolik gaan na Sions top / die stamme uit hul wonings op / om voor Gods troon te nader!  
Die kleinste, Benjamin, is daar, / 'n vors weleer; en Juda's skaar / met al die leeuestryders;  
ook Sébulon en Náftali / wat vir geen vyand sidder nie – / van ouds die volksbevryders.
- 13 Ons prys U, HEER, in sang en lied. / U het u sterkte ons gebied / toe 't nag was, lank gelede;  
U het gehoor na ons gebed, / U het ons roemryk uitgered – / o hoor nou weer ons bede!  
Dan pas die vorste tot u eer / en om u huis ontwil, o HEER, / eerbiedig op u wenke.  
Hul sal U dan van alle kant, / selfs uit die allerverste land, / vereer met hul geskenke.

Gebed

Psalm 88:2, 3, 4 (p. 440)

- 2 As ek my bede bid, / en 't opklim in u oor –  
ag, sluit dan nie u hart vir my, / maar wil my smeking hoor!
- 3 My siel is sat en siek, / so klaag en kerm ek nou;  
dit is of ek hier voor my oog / die dood alreeds aanskou.
- 4 Ek word getel by die / wat in die graf verdwyn.  
Ek voel my nietig, sonder krag, / en hoe 'k in onmag kwyn.

**Skriflesing:** Lukas 22:39-53; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, Artikel 4

**Kernvers:** Lukas 22:41-44

**En Hy het Hom van hulle afgesonder omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi, en neergekniel en gebid en gesê: Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied! En 'n engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. En toe Hy in 'n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val.**

(Lukas 22:41-44 AFR53)

**Dordtse Leerreëls**

**Hoofstuk 2, Artikel 4**

*Hierdie dood het daarom so 'n groot krag en waarde, omdat Hy wat dit ondergaan het, nie alleen 'n ware en volkome heilige mens is nie maar ook die eniggebore Seun van God. Hy is saam met die Vader en die Heilige Gees een en dieselfde ewige en oneindige Wese. So*

*moes ons Verlosser dan ook wees. Boonop het sy dood so 'n groot krag en waarde, omdat Hy geweet het dat Hy die toorn van God en die vloek, wat ons deur ons sondes verdien het, gedra het.*

**Tema:** Aan sy liggaam, siel en gees was Jesus bewus van die toorn en vloek van God

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, van artikel 2 in hierdie hoofstuk van ons Dordtse Leerreëls af spits ons ons aandag toe op die dood van Jesus Christus aan die kruis. In artikel 2 bely ons dat God uit oneindige barmhartigheid sy Seun as borg aan ons gegee het. En vanuit Galasiërs 1 het die Heilige Gees ons daarop gewys dat Jesus Christus werklik die Een is wat ons uit ons ellendige bestaan van sondeverslawing kan uitred. Ons is self hulpeloos en kan niks self doen om bevry te word van die toorn van God nie. Dit sal dus uiters dwaas en onnosel wees om te dink dat jy self die prys vir jou verlossing kan betaal of selfs net kan help om dit te betaal.

In artikel 3 bely ons dat Christus se offer die enigste offer is wat God ooit vir die betaling van sondes aanvaar, want sy offer is volmaak. En dan gaan ons verder om te bely dat sy dood van oneindige krag en waarde is. Christus se eenmalige sterwe aan die kruis en opstanding uit die dood is genoegsaam om die sondes van die hele wêreld te versoen. Daar hoef dus regtig niks by Christus se offer gedoen te word om die verlossing te verseker nie. Sy offer is dié offer wat alle sondeskuld vir eens en vir altyd wegneem.

Wanneer ons vanaand by artikel 4 kom, bely ons hoekom Christus se offer oneindige krag en waarde het. Wat veroorsaak dat juis Jesus se dood aan die kruis die enigste offer is wat deur God aanvaar word vir die betaling van mense se sondeskuld? Daar is twee redes waarom Christus se dood oneindige krag en waarde het. Die eerste rede is **omdat Hy wat hierdie dood ondergaan het, nie alleen 'n ware en volkome heilige mens is nie maar ook die eniggebore Seun van God**. Met ander woorde gesê, Jesus Christus is ware en regverdige mens en tegelykertyd is Hy ook ware God. In Sondag 6 bely ons uitvoerig waarom Jesus as ons Verlosser sowel ware en regverdige mens en ware God moet wees. Ons het verlede Sondagaand by die derde artikel dit ook vir mekaar gesê. Daarom gaan ons nie vanaand by hierdie eerste rede vir die krag en waarde van Christus se dood stilstaan nie.

Ons wil in vanaand se prediking veral by die tweede rede vir die krag en waarde van Christus se dood uitkom. Ons bely dit in hierdie artikel met hierdie woorde: **Boonop het sy dood so 'n groot krag en waarde, omdat Hy geweet het dat Hy die toorn van God en die vloek, wat ons deur ons sondes verdien het, gedra het**. In die vorige vertaling van ons Dordtse Leerreëls het hierdie laaste sin soos volg gelui: **Bowendien, omdat sy dood verbonde was met die gevoel van die toorn van God en van die vloek wat ons deur ons sondes verdien het**.

Die Seun van God se koms na hierdie wêreld – van die eerste sprake daarvan in die ewigheid en sy uiteindelijke dood – was heelyd in die skaduwee van die kruis. Van die begin af was die Seun van God voluit bewus daarvan – Hy het geweet en gevoel – dat Hy die toorn van God en die vloek wat ons sondes verdien het, dra. Dit is immers wat die Heilige Gees onder andere vir ons hier in Lukas 22 openbaar. Maar voordat ons by Lukas 22 gaan stilstaan, wil ek dat ons eers die openbaringshistoriese lyn van hierdie wete en gevoel van Christus raaksien.

Om hierdie verloop en voortgang van die openbaring van God oor hierdie saak te bekyk, gaan ons na verskillende Skrifgedeeltes kyk en hoe dit ook in ons belydenis neerslag vind.

Die koms van die Seun van God na hierdie wêreld is nie iets waarop God skielik besluit het nadat die sondeval plaasgevind het nie. In sy eerste brief skryf Petrus hierdie woorde:

**Julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is. Reeds voor die skepping van die wêreld is Hy hiervoor bestem. (1 Petrus 1:19-20a AFR83)**

Op grond van hierdie woorde in 1 Petrus bely ons: **God het Christus ook van ewigheid af tot Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes en tot fondament van die saligheid gestel. So het Hy ook besluit om die uitverkorenes aan Christus te gee om hulle salig te maak.** In die ewigheid het God nie net besluit om 'n sekere aantal mense in Christus uit te verkies nie. Hy hét hulle uitverkies en reeds besluit hoe hulle verlos sal word van die doodsbestaan van die sonde waarin hulle sou val. Sy Seun sal hulle Verlosser, Middelaar en Hoof wees.

Nou moet ons ook onthou dat wat God ook al besluit en doen, besluit en doen Hy as Drie-enige God. Daarmee sê ons dat al drie die Persone – die Vader, die Seun en die Heilige Gees – betrokke is by die besluitneming en die uitvoering van die besluit. Eenvoudig gestel: die Vader, Seun en Heilige Gees het met mekaar afgespreek hoe God Homself sal verheerlik in die besluit van die uitverkiesing. En in die uitvoering van die besluit van die uitverkiesing van begin tot einde weet die Vader, die Seun en die Heilige Gees wat gedoen gaan word. Christus se dood was dus nooit 'n verrassing of 'n geheim vir Hom nie. Hy het geweet sy Vader het Hom vir die dood in die plek van die uitverkorenes bestem, want Hy het self deelgeneem aan hierdie besluit om God te verheerlik.

In Hebreërs 10 vertel die Heilige Gees aan ons wat die Seun van God aan die Vader gesê het toe Hy op die punt was om in hierdie wêreld in te kom:

**Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei. Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie. Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom – in die boekrol is dit van My geskrywe – om u wil te doen, o God.**  
(Hebreërs 10:5-7 AFR53)

En dan hoor ons verder aan in dieselfde hoofstuk dat dit die wil van God is dat Jesus Christus sy lewe as offer vir eens en vir altyd gee vir die sondes van mense.

Wanneer Christus sê dat dit in die boekrol van Hom geskrywe is, verwys Hy onder andere na die profesie in Jesaja 53. Daarin hoor ons dat die Knecht van die HERE geslaan en verwond word. Uiteindelik word Hy vir die sondes van mense deurboor. En al hierdie dinge gebeur omdat dit God se wil was om Hom te verbrysel oor die sondes van mense. Hierdie profesie het die Vader deur sy profeet uitgespreek omtrent agt honderd jaar voor die koms van Christus na hierdie wêreld.

En wanneer 'n mens die evangelie deurlees, hoor 'n mens hoe Christus keer op keer – tot drie maal toe – self vir sy dissipels vertel waarom Hy Jerusalem toe moet gaan vir die Paasfees. Hy moet gaan sodat die priesterhoofde en die ouderlinge Hom kan oorlewer om doodgemaak te word. Ons kom dus agter, geliefdes, dat die hele geskiedenis van die wêreld en God se ganse geskiedenis met sy skepping afstuur op die kruis en dood van Jesus Christus. Die kruis met Jesus Christus daaraan op Golgota is die kollig wat van begin tot end alles verlig. Jesus Christus se dood en opstanding is die sluitsteen wat die bouwerk van God se geskiedenis vasbind en vashou.

Nou vestig die Heilige Gees ons aandag op die gebeure daar in die tuin van Getsemané – die plek waarheen Jesus in die laaste week voor die kruisiging oor en oor gegaan het. En

onthou u die woord *verbrysel* waarvan ons in Jesaja 53 lees. Getsemané is die plek van waar die verbrysing gevoel is. Getsemané beteken *oliepers*. In die tuin was daar 'n pers waar die olywe gepers is om die olie daaruit te kry.

En nou laat die Heilige Gees ons op heilige grond kom. Jesus het sy dissipels in die tuin ingelei. Toe hulle op 'n plek kom het Hy agt van hulle daar laat agterbly. Vir Johannes, Jakobus en Petrus en Hy nog 'n end verder saam met Hom geneem en hulle toe daar gelaat om nog 'n end verder alleen te gaan bid. Matteus en Markus vertel dat Jesus ontsteld en beangs geword het net voordat Hy van Petrus en die ander twee dissipels af verder gegaan het. En Hy het vir hulle gesê:

**My siel is diep bedroef tot die dood toe.** (Markus 14:34 AFR53)

'n Mens wil vra: Maar waarom is Jesus bedroef tot die dood toe en waarom is Hy beangs? Hy is mos die Seun van God en self ook God. Hy het geweet wat in daardie nag en die volgende dag gaan gebeur. Hy het dan self drie keer vir sy dissipels gesê dat Hy Jerusalem toe moet gaan om doodgemaak te word. Inderdaad, Jesus het presies geweet wat daardie nag en die volgende dag gaan gebeur. Dit is omdat Hy weet wat nou op Hom wag dat Hy so doodsbenoud geword het.

Dit is in hierdie woorde wat ons hoor dat Jesus inderdaad ware mens is. Na sy mensheid is Jesus swak en broos, al is Hy sonder sonde. Wat het Jesus so beangs gemaak daar in die tuin? Die gedagte aan die dood wat Hy die volgende dag moet sterf, dit het Hom beangs gemaak. Dood is die straf van God op die sonde van die wêreld. Dood is die aaklige herinnering aan die feit dat ons nog aan sonde en oordeel onderworpe is. En Jesus, die volmaakte Seun van God, staar nou hierdie oordeel in die gesig. En Hy weet dat die toorn van sy Vader oor al die sondes van die hele wêreld op Hom gaan afkom. Die volle aanslag van die Satan gaan in daardie nag losbreek, want die uur van die duistere magte het aangebreek.

Wanneer Jesus dan alleen is buig Hy diep voor sy Vader. Die gewone manier van aanbidding was om te staan. Maar die toorn van God en die vloek van die sonde druk al so swaar op Jesus neer dat Hy nie kan staan nie. Hy gaan op sy knieë en smee sy eerlike begeerte by sy Vader:

**Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem!** (Lukas 22:42a AFR53)

'n Mens hoor die intense emosies van ons Here. Hy stort sy hart soos water voor sy Vader uit. Vader, as dit enigsins moontlik is, neem tog hierdie beker van My af weg. In Hebreërs sê die Heilige Gees dat Jesus hierdie gebed in die tuin van Getsemané gebid het met 'n harde geroep en tranes (Heb 5:7). Die intensiteit van die geweld van God se toorn wat op Hom gaan afkom en die intensiteit van die droefheid oor die sondes het hierdie woorde uit sy mond laat kom. En dadelik nadat Hy dit gebid het onderwerp Hy Homself ten volle aan die regverdige en volmaakte wil van sy Vader:

**Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!** (Lukas 22:42b AFR53)

Ter wille van die vreugde om sy Vader te verheerlik en ter wille van die vreugde om sy uitverkore broers en susters uit die kloue van die Satan te verlos onderwerp Jesus Hom volledig aan die wil van sy Vader. Hy sal die beker wat tot oorlopende toe vol is met die oordeel en straf van God oor die sonde van die wêreld in sy hand neem en die laaste druppels daarvan afsluk.

En die verdere gedagte aan die toorn van God en die vloek van die sonde het sy sweet soos bloeddruppels laat word wat op die grond val. Hulle sê dat vrees en angs kan

veroorzaak dat die fyn bloedvaatjies naby die sweetkliere van intense angs kan stukkend gaan en die bloed meng dan met die sweet wat deur die sweetgaatjies afgeskei word. Broers, susters en kinders, hierdie angs en benoudheid het Jesus Christus aan sy liggaam, siel en gees gevoel oor my en jou sondes.

Maar Jesus onderwerp Hom aan sy Vader, want deur die beker van God se oordeel leeg te drink is die enigste manier waarop daar aan die regverdige eis van God voldoen sal word. En Jesus Christus, die Seun van God wat mens geword het, is die enigste Een wat hierdie beker leeg kan drink en die uitverkorenes van die toorn van God bevry.

Die Vader het Jesus se gebed verhoor – nie soos wat Hy gevra het nie – maar soos wat die Vader weet volmaak goed is. 'n Engel het Jesus na sy mensheid versterk. Daarom kon Jesus na die gebed opstaan en Homself in die hande van die owerhede oorgee om verhoor, veroordeel en gekruisig te word. Versterk deur sy Vader kon Hy nou die beker neem en binne die bestek van drie ure aan die kruis die volle toorn van God oor die sondes van die hele menslike geslag dra en sê: Dit is volbring!

Dit is hierdie waarheid dat Jesus Christus aan sy liggaam, siel en gees die volle toorn van God en die vloek van die sondes in die gelowiges se plek gedra het, wat veroorsaak dat gelowiges ook 'n mooi dood kan sterf. Jy kan vra: Maar wat word daarmee bedoel? Wel, soms gebeur dit dat 'n gelowige sag in sy slaap sterf. Daar is geen benoudheid of vrees nie. Sag neem die Here sy kind uit hierdie lewe na Hom toe.

Ja, en al herinner die dood ons wat agterbly nog elke keer daaraan dat hierdie bedeling van stryd teen die sonde nog nie verby is nie en al gebeur dit ook soms dat gelowiges bang word vir die vreemdheid van die dood, hoef geen ware gelowige beangs te word nie. Christus het, met sy dra van die toorn en die vloek, die angel van die dood uitgehaal. Daarom kan gelowiges selfs uitsien na die dag wanneer hulle hulle asem hier kan uitblaas, soos Paulus daarna uitgesien het. Die dood wat gelowiges nou nog sterf, is nie meer 'n betaling vir die sondes nie maar 'n afsterwe van die sonde en 'n deurgang na die ewige lewe.

Mag ons mekaar dan ook met hierdie woorde troos en mag die Heilige Gees ons aanhoudend met Christus en sy volmaakte werk troos.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 69:12, 13 (p. 345)

- 12 Al is ek, HEER, in pyn en nood, / u hulp sal soos 'n skild verrys!  
Daarvoor bring ek U lof en prys, / ek maak U in my danklied groot.  
Dit sal die HERE allermees / as offer welgevallig wees.
- 13 Sagmoediges sal dit aanskou / en bly wees as hul dit beleef.  
Laat dié wat hul tot God begeef, / herleef, met frisse krag bedou.  
God hoor hul wat behoefdig is / en kwyn in die gevangenis.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**